# SAKE VAN LEWE EN DOOD 2

Die tema van lewe en dood begin by die eerste bladsye van die Skrif en vorm ‘n goue draad regdeur, tot by die laaste bladsye van die Skrif. Die eerste bladsye gee ‘n beskrywing van die skepping, hoe lewe begin het, wat die betekenis van die Boom van die lewe is en kort daarna, in Genesis 3, hoedat die dood in die prentjie gekom het. Die laaste bladsye van die Skrif, trouens die heel laaste hoofstuk van die Skrif, Openbaring 22, maak opnuut weer melding van die Boom van die lewe (teen die agtergrond van ‘n soort herstelde Tuin van Eden) en van ‘n rivier met die water van die lewe en rig aan die leser die uitnodiging om nader te kom en absoluut verniet van die water van die lewe te drink en daarmee deel te kry aan die ware lewe wat Yahweh vir sy volgelinge bestem het. Om die Skrif se boodskap reg te verstaan moet ‘n mens die eerste en die derde Hebreeuse woorde in Genesis, wat vertaal kan word met vier Afrikaanse woorde, reg verstaan. Hierdie vier woorde is: “In die begin ... Elohiem”.

Alles het by Hom begin. Dinge in hierdie lewe het betekenis, omdat dit ‘n beginpunt het wat groter as ons is. Morele waardes maak saak omdat alles by Een begin het wat ‘n Elohiem van moraliteit is. Gebeurtenisse rondom my maak sin, omdat Yahweh aan die begin en aan die einde staan van die gebeurtenis wat ek die heel beste ken – die gebeurtenis wat ek “my eie lewe” noem. As ons enige sin uit ons eie bestaan wil maak en ‘n impak op die mense rondom ons wil maak, sodat hulle ook iets van die sin van die lewe kan ontdek, MOET ons by die Skriftuurlike beginpunt van ons geloof begin. Hierdie beginpunt word verwoord deur vier woorde: “In die begin ... Elohiem”. A. M. Fairbairn, Skotse teoloog van die 1800’s en vroeg 1900’s, het gesê: “The first and last, the highest and the surest thing in Nature, is the thought which explains Nature, but which Nature cannot explain." Dit was lank gelede, maar dis nog steeds wáár! In aansluiting hierby, en net so lank gelede, het John Stuart Mill, Engelse filosoof, politikus en wetenskaplike van die 1800’s gesê: “Among the facts of the universe to be accounted for, is ***mind***; and it is self-evident that nothing can have produced mind but mind." Die denkende Wese aan wie ons as denkende wesens ons bestaan te danke het, is die Een wat Genesis 1:1 in gedagte het, as dit sê “In die begin ... Elohiem” – dieselfde Een wat Homself later aan die aartsvaders, aan Mosheh, aan Israel en aan die profete as Yahweh, die Elohiem van die leërskare, geopenbaar het. Om hierdie Beginpunt buite rekening te laat en nog steeds sin uit jou eie bestaan te probeer maak, is net so onsinnig soos om op reis te gaan en te probeer uitwerk hoe ver jy al gereis het, maar daar is net een, klein probleempie: Êrens langs die pad het jy ‘n stamp teen die kop gekry en jy het heeltemal vergeet op watter plek jou reis begin het en deur watter dorpe jy al gery het. En tot jou groot skok ontdek jy: Ek kan nie vasstel hoe ver ek al gereis het nie – ek weet nie eers wat ek hier maak nie!

Daar is minstens drie belangrike waarhede van die Skrif (drie realiteite wat met Yahweh te make het) wat elke mens in berekening behoort te bring, as jy iemand is wat insien dat jou eie lewe alleen binne die raamwerk van ‘n Beginpunt en ‘n Eindpunt, groter as jyself, verstaan kan word. Hierdie drie realiteite, na aanleiding van die woorde “In die begin ... Elohiem” van Genesis 1:1, kan só saamgevat word: (1) Die Beeld van Elohiem, soos in Gen 1:27 en 2 Kor 4:4; (2) Die Aangesig van Elohiem, soos in Ex 18:12 en Heb 9:24 en (3) Die Koninkryk van Elohiem, soos in Dan 7:18 en Rom 14:17.

Ek en jy is na die Beeld van Elohiem geskape. Om met hierdie wete te lewe bring ‘n dimensie na vore wat ‘n mens se lewensuitkyk radikaal kan verander. As ons die vraag sou vra: Wat is die raakpunt of kontakpunt tussen ons en Elohiem, dan is die antwoord: Die feit dat die mens na die beeld van Elohiem geskape is. Yahweh alleen is Elohiem, maar Yahweh is nie alleen nie en ons is ook nie alleen nie. Sy beeld in ons bring ons met Hom in aanraking. Psalm 8 sê dat Yahweh die mens net ‘n bietjie minder as die magtige wesens (letterlik: die elohiem) gemaak het. Sy beeld in ons maak dat ons kreatief kan wees, soos wat Hy kreatief is. Sy beeld in ons gee aan ons intelligensie, ‘n vrye wil, die vermoë om skoonheid te waardeer en te geniet, ‘n

ingeboude morele kompas, die hunkering na verhoudings en die kapasiteit om dinge geestelik te beoordeel. Ons kan alleenlik ons volle potensiaal hier op aarde ontdek in die mate waarin ons Elohiem leer ken en sy beeld in ons lewens weerspieël.

Die tweede belangrike realiteit van hierdie lewe wat met Yahweh te make het, en wat vir ons die perspektief bring van ‘n lewe met ‘n Beginpunt en ‘n Eindpunt, is die aspek van die Aangesig van Elohiem. A.W. Tozer het eenkeer gesê: “We who live in this nervous age would be wise to meditate on our lives and our days long and often before the face of the Almighty and on the edge of eternity.” Van nature weet ons bittermin van die aangesig van Elohiem. Sy aangesig is dit wat jy by Hom sien en van Hom leer en in Hom bewonder, hoe meer jy Hom soek en hoe nader jy aan sy woorde kom en hoe beter jy sy karakter leer ken. Baie mense meen dat die geestelike realm nie deel van die werklikheid of die realiteit is nie. Niks kan verder van die waarheid wees as dit nie. Yahweh is die grootste realiteit wat daar is. Hy is reëel en werklik in die absolute sin van die woord. Die gewone realiteite van hierdie lewe, dinge wat jy kan sien en kan hoor en kan voel en kan ruik en kan proe, in hulle suiwerste vorm, voordat die mens dit verander of geskend het, kom van Yahweh af en is van Hom afhanklik. Hy is die enigste Een wat onafhanklik van enige iets anders bestaan. Hy is selfs nie afhanklik van die idee wat ons van Hom het nie. As ek weier om in sy bestaan of in sy werk te glo, hou Hy nie op om te bestaan of te werk nie. “Reality is that which, when you stop believing in it, doesn't go away.”

Die derde belangrike realiteit is die aspek van die Koninkryk van Elohiem. Ons het reeds verwys na die kern-waarheid van Genesis 1:1 - “In die begin ...Elohiem”. Die Koninkryk van Elohiem bring die balans dat Yahweh nie net die Beginpunt van alles is nie, maar ook die Eindpunt of die Doel waarop alles afstuur. Viktor Frankl, een van die Joodse Holocaust oorlewendes, het die boek “Man’s search for meaning” geskryf, waarin hy vertel van sy eie en sy mede-gevangenes se ontberinge en die punt maak dat hy geleer het om minder na die verlede en na die hede te kyk en meer na die toekoms en veral te fokus op dit wat betekenis en sin aan die lewe gee en vir jou ‘n DOEL gee om voor te lewe, en in die lig daarvan JA vir die lewe te sê. Frankl was na my kennis nie ‘n volgeling van die Messias nie, maar sonder verduideliking gebruik hy die woorde “Et lux in tenebris Lucet” in sy boek. Wat beteken dit? Dis ‘n woordelikse aanhaling van die Latynse vertaling van Joh 1:5, wat deel is van ‘n hoofstuk wat vertel van die koms van die Messias en watter verskil Hy in ‘n mens se lewe maak. “Et lux in tenebris Lucet” beteken: “Die lig skyn in die duisternis”. Frankl het daarmee bedoel: As jy in moeilike omstandighede is (in die duisternis), dan moet jy vooruit kyk na iets wat betekenis het en sin aan jou lewe gee (d.w.s. na die lig) en hierdie lig sal dan die duisternis verdryf.

Vir ons is die eintlike bron van lig die Messias, soos Joh 1:5 dit eintlik bedoel het. Hy is die Lig wat in die duisternis skyn. Hy het reeds die koninkryk van Elohiem kom bekendstel. In 1 Kor 15:24 staan hierdie woorde: “Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan Elohiem die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.” Nou het die pendulum na die ander kant toe geswaai. Genesis 1 bevat die boodskap: “In die begin ... Elohiem” – Op die bestemde tyd, op ‘n stadium toe die duisternis so te sê die hele wêreld in sy mag het, verskyn Y’shua op die toneel as die aanvoerder van die Koninkryk van Elohiem en die een wat weer lig in hierdie wêreld inbring, die Een wat die duisternis verdryf en die heerskappy van die Bose vernietig en uiteindelik weer die koninkryk aan Elohiem die Vader oorgee. En so word die plan van die Skepper, en die doel van ons bestaan, in vervulling gebring: “In die begin ... Elohiem” en “Aan die einde … nog steeds Elohiem”. Dit is wat Augustinus bedoel het toe hy gesê het: “Hy het ons vir Homself geskape en ons harte sal onrustig bly in ons, totdat dit rus vind in Hom.”